# AGUR

## SKADUWEES



VANDAG SE GEDAGTES:
MORE SE ERFENIS

# Skaduwees

*Enkele Verteenwoordigende Gedigte*

*Inhoud*

Enten/Eller

Verandering

Dood en Blomme

Aan Waterbeke

By die Lughawe

Na I Konings, Hoofstuk 20

Surrexit

Na Afloop van 'n Gesprek met 'n Karrietjiesman

Mars Voort

Winskoop

Terug

Reuse

Stemme

By die Monument

Reën

Vesting

Qaere:

By Sloping van 'n Gebou

Skyne & Wanvoorstellinge

## *Enten/Eller*

Ek laat my gedagtes gaan
oor als gesê, en als gedaan,
en dit gedink en dit gedroom;
ja, oor begeertes en verborge droom,
en vra: is dit goud, wat blywe staan,
óf strooi en klei – om tot niet te gaan?

## *Verandering*

'n Deur van tralies,
by KWV,
laat my dink aan wêreldswee:
Voorheen is drank hier gemaak;
'n restaurant is tans die saak.
Tog steeds vergrendel daardie traliedeur
hier, by die KWV.

## *Dood en Blomme*

Dit is vreemd hoe die reuk van dood en blomme dikwels meng;
hoe ons vergane verganklikheid met verganklikheid versier.
Want wat is 'n blom: snel te verwelk,
en delg nie die tydloop die herinnering van elk?
Só is die lewe, geweeg elke uur.
u Woord sal bly staan in dae seer verleng.

## *Aan Waterbeke*

Eiekhout:

half-verrot,

wentel steeds sy takke op

na bowe, soos 'n trotse kop

waar geil steeds die blare bot,

en ritsel in die môrewind,

ook fluister in die awendwind.

Die storm woel; hy bly staan,

want waterbeke wat rondom gaan

versorg hom mild

in gewes wild,

dat hy tuiste bied met skadu ruim,

geplant daar op berg se kruin.

En saans staan hy teen die maan,

en groet die sterre in hul baan.

Ja, al kom die vuur en dreig: "Verslind!"

aangehits deur westewind,

blywe steeds daardie blare bot,

waar hoof, met harde dop,

en blare teen die wind bly skop;

boom sal storm blywe spot.

Eikehout.

*By die Lughawe*

Die beeld van 'n held.
'n Held vir alle tye, dames en here!
Gelaat jubel in oorwinning: vryheid omhoog verhewe;
Wees transformeerd, of...

Yster word in die vuur gewerp, en daaruit
word helfte 'n ketel, en helfte
sy regterhand, van mag.
Hier, o Israel,
is die god wat julle vanaf Egipte opgebring het!

Jubel dan, o Azanië:
aanskou die werke van ons god!
Moet geensins swyg, want ons is vry;
die hand van ons god
bly verlos.

...

Rokketrok, rokketrok, rokketrok, snel die trein op geheime spore
en 'n lyk lê langs die spoorweg:
Swart gelaat na houtskool verband;
hande soos leer, oor bene gerek.
'n Hond sal julle bloed oplek.

Bel is inmekaargesak, Nebo ingetuimel.
Roep, o Israel, om verlossing;
laat 'n weeklag uit Tsjwane stuig!
Want die vesting van Asdod is nie meer;
laat dit op die stad op tande gekners word!

Roep tot jul god, Azanië, hy sal nie hoor nie.
Ja, Milkom is dood, die vuur van Moleg is geblus.
Wat het van jul god geword;
hy wat jou vanaf Egipte opgebring het?

*Na I Konings, Hoofstuk 20*

Bengaddad wou U bespot
so teen die stad het hy opgetrek
met eise en hoogmoed.
Teenoor U het hy sy mond gerek,
met sy leër soos 'n vloed.
En bewe Agab, daardie sot.

En tweemaal het hý die hoof gebuig,
en kruip hy in die stof.
Spreek Bengaddad: "Wie is die Heer?"
En 'n derde eis het Agab aangetref;
"Hoe durf hy eis, ja nog 'n keer?"
Het verset in hom gestuig.

Betree profeet die koningshof
en spreek met die woord van God:
"Al woel die menigte soos die see –
en dring, en dryf, en spot –
sal Ék hulle in jou hande gee.
Maar let: dis tot Mý lof."

'n Kleine mag het die slag geverg:
Gaddad se seun verslaan,
en tot sy stad het hy gevlug.
Tog spreek: "Op die vlak sal ons nie vergaan,
en ons traak nie daardie tug,
want hul God is God op berg."

En so het hy by Afeksvlak
sy manne saamgespan;
maar weer tot niet is hul' verslaan,
en spot die Heer hul' se plan.

Tot stof is hul' nou verslaan:
Gaddag se nek geknak.

Maar Agab het ook gespot
en Gaddad laat blywe leef.
Daarom sal hond sy bloed oplek,
so seker die Here leef,
wanneer hy in onguns vrek,
Agab, daardie sot.

O Heer, u Naam is hoog;
sal geen spotting duld:
die goddelose: hy sal boet
en tog is U vol geduld,
barmhartig, lank van moed
en geregtig, U omhoog.

## *Surrexit*

Ek het ’n waboombos sien brand,
teen berghang steil waar klip en sand
strak geplant is, deur hogere Hand,
en daal diepe dalle aan skadukant.

Vergaan opeens die blare blou
en verswart die stam van grysheid grou
en skroei die wortels wat aan die rots bly klou.
Ja, vuur bespot die awendskou.

Nou ’n geraamte, swart verbrand
op daardie bergserand van rots en sand.
Tog ook gebring deur hogere Hand.
Steeds, vir wat was: powere pand.

’n Jaar en tiental het vergaan
en by die waboom kom ek staan:
in heil wat die Prins betaam
is die waboom, met blare blou, wat staan.

*Agur: Skaduuwees*

*Na Afloop van ’n Gesprek met ’n Karrietjiesman*

Her, laat ikke ok maar seg:
t’kom is sulks, maar
ons trek is op:

Vanaf suugkjendsedae,
herinnering vae,
byt droggeljaar, ’t is waar,
maar nojit was sulke droggeljaar
sos nou, lat onnes als beenbjek skrop
in diegse koegrabie van sinkplaat.

In gjestersedag sou
diepvoordaginspan noggie steiltes uit.
Dan’s oppieberg uitspan; koffie in pietvluit
by Katbakkies se steiltes,
voor Skorsteenberg se vageltes,
Kapsekant toe,
sos dinge en doendinge geömleg word.

Maar nous bult te swaeger
eisels maeger;
onnes trek is op, en loswjerk
is onnes voorland.
Skarlakensvrouene ommie draai –
bybelman het stomgaword; die praatstoel is dod –
opslagkjenners innie benne;
dwelms en dagga se maters is dod.
Diepvoordaginspan is kwansuis te laat.

Her, laat ikke ok mar seg:
t’kom is sulks, maar
ons trek is op.

## *Mars Voort*

Genusias speel Rachmaninoff oor die draadloos:
saamgeklank van stemme wat, met geweld,
van wissellende uiterstes getuienis bring,
helder hier in die skemering.

En boeke lê hierom rond, en pen gly oor papier
dat dit skyn geploeg wees, 'n witte veld:
woorde gewasse, elk letter 'n saad;
gesaai in vreugde, of in smart.

Alla Martia in G mineur: die lewe dring nog voort.
Rus is min; tog werk is veel, en streef is swaar.
Gesig vol sweet, gesig vol bloed.
Maar God is God, en Hy is goed.

Genuisias se spel bedaar opeens, deur stemme toegejuig.
Hy vra hom af of hy, soos dit,
na daling van die laaste maan,
die spraak sal hoor: "Dienaar, welgedaan."

## *Winskoop*

'n Lewe vir Tweerand!
Twee vir vyf!
Wins, wins, winskoop – dames en here!
Veel duurder is appels en pere;
onbekostogbaar: rosyntjies vir die kleintjies!

Stomme esels: hulle swoeg
twee-twee, drie-drie, vier-vier
die bult uit, om Rabiestraat te neem,
terwyl die stank van die Hennopsrivier
aan hulle kleef,
en meng met die stank van sakke vullis op waentjies
agter hulle aangesleep.

(Die son daal: die daag is gedood;
die dag verspeel,
en 'n man in 'n gemakstoel glimlag breed
sodat sy mond teen hulle
wat die stof van die aarde eet, gaan.
Stukke papier word soos krummels gewerp
en hande vol bloed en sweet
tel dit op,
en koop daarmee brood
wat niks voed.)

*Terug*

Ek sit in die stilte van ons sitkamer
waar die oggendkoelte met herinneringe tussen die ou, dik mure
rus,
en luister soos die warm windjie ritsel soos die bloekomblare roer
en stof opjaag, en weer laat daal;
op droë, gebarste strate van stof,
in 'n onbestendigheidsspel;
en glimlag vir die huis se geluide –
dak wat kraak, soos beendere in die sonnegloed kraak;
koperpype wat soos 'n draak suis;
kombuiswaaier wat soos 'n donkiekar kletter,
soos wat dit gaan –
en ek hoor die voetvalle op die donker hout vloere,
(gevlek met die verhale van die dooies):
Pa syne: vas, seker;
Ma hare: lig soos die wind wat roer;
Kleinboet wat onverbiddelik vorentoe haas;
en die mure is getuies.

*Reuse*

VOORREDE:

Klank:
U stem het gebied
en die heelal is gegiet;
met die gesang van eng'le toegejuig;
serafs sing "heilig" met hoof gebuig
voor u almag, in dank.

Ook het U klank vir ons gegee
om in kleine wyse U na te boots
deur jubel in duister in te loots;
u Heerlikheid in note vas te vat,
en U te eer, sodat
lof op ons lippe leef – deur alle weë.

I: PALESTRINA
Jy het sin van waansin in wonder gerig
sodat heidenstemme saam met hemelkore,
in sameklank oor die blye berig,
in welbehae oprys na u ore.

II: BACH
Die oerklank wat steeds weergalm
by orrelsdreunbas, en vox celeste wat in vreugde sing,
rig ons denke, sonder talm
na die heerlikheid wat U beding.

III: RAKHMANINOFF
Die klavier het onder jou hande lewe gekry
en, asof met mensestem, hoog verhef
die wisselwerking van klank en teenklank bely;
ons gedagslaan u goedheid wat boosheid oortref.

IV: TUBA SKINNY
Julle lag in malle uitspattigheid
en dwing ons gedagtes na 'n gejubel.
Hy wat verhef is – in heiligheid –
ja, so ook sal Hy jubel.

## *Stemme*

Daar het 'n woord van my mond gedaal
en êrens beland, ek wis nie waar.
Slegs een woord, 'n klankie skraal
het daardie dag van my mond gedaal.

Toe kom 'n man en tel dit op
en glimlag, wat die woord is "Môre."
Die heimwee ietswats weggeskop
met daardie môre in sy kop.

En weer het ek 'n woord laat val,
maar hierdie maal is dit "Voert!"
Een onmin skelwoord, en dis al
het op daardie dag geval.

Toe kom 'n vrou en tel dit op;
haar las nog swaarder met daardie woord.
Die aand: die bottel leeg, 'n geskinkte dop.
Die lewe is niks – daal haar kop.

O Heer, Ewige Woord,
gee tog grendel vir hierdie poort;
tot u eer, Grote Woord,
sal ek waak, oor hierdie poort.

## *By die Monument*

Steen gelaat, wat antwoord u?
"Vergaan, vergaan, vergaan."
Aanskou u die volk nou sonder vermaan?
"God verbie, verbie, verbie."
u Lewe, die stene; u verhale, die gebou.
Wat het óns daarmee gedaan?

My va'dre, u het gestaan.
"Staan vas, hou pas, staan vas."
Sal, ek soos u, onder las bly staan?
"Vermaan, beskaam, vermaan."
Met hande soos yster, harte van herders.
Nee, julle is nie soos hul.

My moed're, wat het u verwerf?
"Lewe en liefde, standvastig gekerf."
Vrouens soos u als uitgesterf?
"Bederf, vandag bederf."
Soos 'n rots, staan sy vas.
Maar julle is nie sy.

Die vad're spreek, deur hul monde van klip:
"Julle beroep jul op jul deugde
met het noodlottig misluk."

## *Reën*

Die reën daal in soete druppel neer
en bars oplaas, kleine plas:
skerde van vloeiende glas,
dwing die stof op;
met kleine plof op.
Die reën daal in soete druppels neer.

Lank lê die land in sonnegloed:
troffe met die krake in,
deur ons verkies, vanaf begin.
Ja, hier sal ons sterf; verdor.
Geen water, ons verdor.
Lank kies ons die sonnegloed.

Toe kom u reën, en les.
Nie ons tedoen, tog daal dit hier;
dog langsaan moet die dorheid duur.
Onbegryplik goed is die reën wat daal;
regverdig, Heer, is u verhaal.
Toe kom u reën, en les
enkeles.

*Agur: Skaduuwees*

*Vesting*

Die wind sal waai
en sny tot murg en been.
Jy is moeg van nietige stryde;
en vir niks is jou krag verteer.

Laat ek, skat, iets vir jou vra:
wanneer alles vergaan –
die stof tot stof; as tot as;
en water tot 'n groue mis –
wat sal dan bly staan?

Dán sal die klein stryde en
nietige volharding deur talle beproewinge
- ag dit loutere vreugde, my skat –
na vore tree, want rade wat bly staan
het hulle gerig.

Staan langs my, skat, en moet nie skrik
vir die gesigte wat in die spieël ons aanskou
want jy en ek is erfgenaam
tot die dageraad.
Sý handel is altyd goed, want dit kan nie anders,
en ons, my skat, kan rus.
Ja, hier in die storm.
Ja, hier in die niet.

### *Qaere:*

Waarom is dit
dat 'n eiendomsagent 'n bestaan kan voer
terwyl hy, nes 'n luis, Annermann se bloed suig,
en die ketelmaker met die littekens op sy hande
nie brood in sy spens het nie?

### *By Sloping van 'n Gebou*

Blote sentimentaliteit en heimwee is geen redding –
jy het jou nut verloor –
nietemin: wanneer bros die stof tuimel en stene vergaan,
platgeslaan,
wonder ek of die ondier van beton en staal
ooit jou warmte sal vervang.

### *Skyne & Wanvoorstellinge*

Julle 'praat' deur die lug
met 'vriende' wat julle nooit gesien het nie,
en nooit sal sien nie.
Julle vlei jul met die lof van 'volgelinge',
soos die gesange van lof deur die lofsanger
van 'n indoena gesing;
Julle verkyk julle aan die spieëltjie aan die wand;
jul oë laat julle uitvreet deur rotte,
totdat julle blind is
om liefde en vreugde,
swaarkry en smaad,
raak te sien.
Gaan kyk maar weer of Iran gebom is.